

## 'n Woord Vooraf

By geleentheid van die driehonderdjarige bestaan van die gemeente Kaapstad sien hierdie beknopte geskiedenis die lig. Hierdie praguitgawe is veral moontlik gemaak deur die aanbod van N.G. Kerk-Uitgewers om dit op eie verantwoordelikheid uit te gee. In hierdie verband dink ons dan in dankbaarheid terug aan wyle ds. Norval Geldenhuys.

Weens die finansiële koste wat aan die uitgee van so 'n luukse-uitgawe verbonde is, moes ons ons tot ongeveer 260 bladsye beperk, waarvan plus-minus 80 bladsye foto-materiaal is. Ds. H. C. Hopkins (veldprediker) is gevra om die geskiedenis te skryf en ons wil ons hartlike dank betuig aan die Departement van Verdediging wat die nodige verlof aan hom toegestaan het.

Die veelvuldige aanhalinge uit vervloë tye dra dan ook veel daartoe by om die gees van daardie tyd te laat herleef.

Die titel van die boek mag vir sommige pretensieus klink, maar ons glo dat dit niks meer as die waarheid is nie, aangesien Kaapstad die oudste gemeente van enige kerk in Suid-Afrika is. Die naam is die letterlike woorde wat ons vind in Gal. 4 : 26: „die moeder van ons almal.“

Ons bedede is dat hierdie werk 'n goeie ontvangs sal hê asook 'n wye en belangstellende leserskring, wat by die lees daarvan met nuwe lojaliteit gebonde sal voel aan die kerk van ons vaders; en mag dit hulle dan ook besiel met nuwe ywer om voort te bou op die fundamente in die verlede gelê.

Ds. J. G. J. van Vuuren  
(Voors. Publikasiekommissie)

## Voorrede

Aangesien die lewe hier aan die Kaap van die begin af van gesagsweë op 'n Christelike lees geskoei was, kan die vestiging van die kerk aan die suidpunt van Afrika eintlik teruggevoer word tot die begin van die volksplanting. Dit sou derhalwe nie verkeerd wees nie om te konstateer dat wat gedurende die eerste dertien jaar hier te lande met behulp van die Oos-Indiese Kompanjie gedoen is om die geestelike belange van die samelewing te dien, die grondslag gelê het vir wat, met die aankoms van die eerste vaste leraar op 18 Augustus 1665 en die benoeming van die eerste kerkraadslede, uitgeloop het op die totstandkoming van die eerste Christelike gemeente in Suid-Afrika.

So gesien, is hierdie datum van belang nie slegs vir die gemeente Kaapstad as sodanig nie, maar vir die N.G. Kerk as geheel in sover sy geboorte tot hierdie gebeurtenis teruggelei kan word. Ons vertolk dan ook seker die wense van ons kerk in al die provinsies, wanneer ons die gemeente Kaapstad by die feestelike herdenking van sy driehonderjarige bestaan verseker van die voortdurende belangstelling en goeie wense van die uitgebreide geestelike familie wat oorspronklik uit hierdie ou moeder stam.

Waar ons saam dankbaar voel vir drie eeue van genade waarvan hierdie gedenkboek in breë trekke getuig, wil ons die bede uitspreek dat hierdie beknopte oorsig oor drie eeue die gemeente met nuwe geesdrif en geloof sal besiel vir die taak wat voorlê.

Mag die driehonderjarige in die gryse ouderdom nog vet en groen wees om tot die eer van God vrugte te dra wat sal pas by die eervolle onderskeiding en groot verantwoordelikheid om stammoeder van so 'n talryke krooste wees.

A. J. van der Merwe,  
*Moderator van die Algemene Sinode  
en Moderator Synodi, Kaapland.*

## Van die Opsteller

Om hierdie werk in so 'n beperkte tyd die lig te laat sien, het noodwendig spanning meegebring. Lank nadat die kommer vergeet is, sal die bereidwillige hulpvaardigheid van baie vriende egter nog altyd 'n aangename herinnering bly.

Wyle ds. Norval Geldenhuys het my deur sy moedige ywer besiel. Die N.G. Kerk-Uitgewers en die Nasionale Handelsdrukkery was baie geduldig met my en indien die Uitgewers dit nie vir my moontlik gemaak het om byna twee maande spesiale verlof te neem nie, sou ek die taak seker nie betyds kon afgehandel het nie.

Die leraars van die Grootte Kerk, die scriba-kassier en sy personeel, sowel as die koster het my teenoor hulle verplig deur die fasiliteite wat hulle tot my beskikking gestel en die inligting wat hulle so geredelik verstreke het. Waardevolle persoonlike mededeling het ek o.a. van prof. dr. H. D. A. du Toit (i.v.m. die Sondagskole op Uitenhage in 1838), mev. A. E. C. Solomon en mej. H. G. Steytler (tweelingdogters van ds. A. I. Steytler), mnr. J. H. Deetlefs (i.v.m. die onderwys in Woodstock) en mejj. J. C. de B. en J. P. Wiid (kleindogter van J. C. de Beer van die ou Papendorp) ontvang. Verskeie persone wat elders vermeld word, het my met proefskrifte, foto's en ander stukke begunstig.

Mnr. P. J. le Grange wat hom reeds gedurende baie jare met 'n warmte liefde aan die versameling van historiese materiaal i.v.m. die Grootte Kerk wy, het die vrye gebruik van sy geskifte, koerantknipsels en foto-afdrukke aan my toegestaan. Enkele van die bronne waaruit hy geput het, was vir my nie meer toeganklik nie en ek was bly om van sy aantekeninge gebruik te maak. Met sy kenmerkende gesdrif was hy gretig om te help waar hy kon.

Ons Kerkargiefkommissie het my op 'n besondere wyse tegemoetgekom en van die Argivaris en sy personeel het ek alle moontlike bystand geniet. Dit geld ook die personele van die Kaapse Staatsargief en die Suid-Afrikaanse Biblioteek.

Ondanks al my pogings om die stof te verkort, het dit die gestelde perke oorskry. Gevolglik moes ek tot my spyt die aantal bladsye foto-materiaal verminder, o.a. deur meer foto's op 'n bladsy te plaas as wat my plan aanvanklik was. Waar daar geen ander bronne vermeld word nie, kom die foto's uit die

versameling wat ek gedurende baie jare en met behulp van talle vriende(-inne) opgebou het. Sover moontlik, het ek van afbeeldings gebruik gemaak wat òf nog nie vantevore gepubliseer is nie, òf minder bekend is.

Dit was vir my 'n voorreg om ook hierdie werk uit liefde vir ons kerk en sy grootse verlede te doen. Van die leemtes daarin en die tekortkominge wat daaraan kleef, is ek terdeë bewus. Die hoë eise wat aan my gestel is, het ek na die beste van my vermoë probeer nakom.

Ook my beskeie gelukwense aan „die moeder van ons almal“ by die terugblik op 'n lang en eervolle lewensgang. Mag haar jeug telkens weer nuut word soos dié van 'n arend (Ps. 103 : 5), sodat sy met vleuels kan opvaar na die hoogtes waarheen die toekoms wink!

Wynberg,

5 Augustus 1965.